DEEL III

IMPLIKASIES VAN CASSIRER SE ANTROPOLOGIE VIR DIE TEORETIESE OPVOEDKUNDE

HOOFSTUK 16 DIE VELD VAN DIE TEORETIESE OPVOEDKUNDE

1. Inleiding. Ernst Cassirer het, sover ons kon vasstel, hom nêrens oor die opvoedkunde as sodanig uitgespreek nie en nou kan miskien met reg gevra word wat die nut van die onderhawige studie vir die opvoedkunde is; meer nog omdat sy "An Essay on Man " nie sielkundig of sosiologies van aard is nie maar wysgerig. As egter enersyds in gedagte gehou word dat opvoeding, alhoewel deur God in die skepping moontlik gemaak en ook as taak aan die mens gestel, 'n suiwer menslike handeling is, dat dit 'n mens is wat opgevoed word en dat dit 'n mens is wat opvoed, word dit duidelik dat elke opvoeder en elke opvoedkundige stelsel vir hom duidelikheid moet kry oor wat die mens is, waar die mens vandaan kom en waarheen die mens op pad is. Andersyds het elke antropologie, as dit werklik iets beteken, 'n betekenis vir die opvoedkunde. Dit is meteens ook 'n toets vir die deugdelikheid van 'n antropologie want as dit nie betekenis vir die opvoedkunde het nie, dan is daar iets fundamenteels mee verkeerd.

Die vrae na die herkoms, die aard en die bestemming van die mens is wysgerig en teologies van aard en dat die antwoorde hierop gefundeer is in die opvoeder se lewens- en wêreldbeskouing is vanselfsprekend. Gesien vanuit hierdie oogpunt kan daar van geen neutrale antropologie of opvoedkunde gepraat word nie. Dit wil egter glad nie sê dat daar om hierdie rede geen wetenskaplike vorsing op hierdie terrein moet wees nie. Alhoewel daar sekere fundamentele grondslae is wat nie wetenskaplik bewysbaar is of hoef te wees nie, kan die wetenskap nie anders as bevrugtend op die lewensbeskouing inwerk nie. Die wetenskap sal die lewensbeskouing korrigerend bevestig, dit verdiep en verbreed.

Die belangrikheid van die probleem van die mens word allerweë deur wysgere, antropoloë en opvoedkundiges beklemtoon. So sê prof. C.K. Oberholzer byvoorbeeld: "Wanneer die mens nie alleen die dinge om hom nie, maar veral homself onder die vraagteken bring, sal die ontdekking gemaak word dat hy die knooppunt van die heelal of die kortbegrip van die kosmos is."[1] En verder; "In 'n sekere sin kan alle sentrale probleme van die opvoedkunde net soos die van die wysbegeerte tot een sentrale vraag teruggevoer word, naamlik wat is die mens en sy bestemming, en waaraan behoort waarde geheg te word?"[2] Prof. J. Waterink sê: "Elke doelbewuste opvoeding veronderstelt een bepaald beschouwing over de mens ... Immers, deze mensbeschouwing geeft niet alleen antwoord op de vraag: „Hoe is de mens?", maar ook op de vraag: "Hoe behoort hy te zyn of te worden?"[3] Dog genoeg. Geen verdere regverdiging is nodig vir die keuse van 'n antropologiese tema vir 'n opvoedkundige studie nie.

Die keuse van Ernst Cassirer se antropologie as tema is nie ook maar

110./ toevallig gedoen ....

1. C.K. Oberholzer: Inl.i.d. Prins. Opv.,81
2. Ibid, 82
3. J. Waterink:Theorie der Opvoeding, 25.

toevallig gedoen nie. Cassirer se antropologie is uniek en oorspronklik en hy gee soveel wat imponerend is; sy mensbeskouing het ook ontsaglik baie wat vir die opvoedkunde as sodanig van betekenis kan wees. Sy siening bevat ook heelwat waarmee ons kan saamstem, alhoewel ons nie altyd sy motivering kan aanvaar nie. Hy handhaaf onder andere die wesensverskil tussen mens en dier; hy erken die verskeidenheid van die kultuursektore; hy streef daarna om die mens as eenheid te verklaar; hy wil ook die kultuur as eenheid sien en hy handhaaf die eenheid tussen die mens en die kultuur; hy probeer om die menslike vryheid te verklaar - hierdie en dergelike meer is vir die opvoedkunde van kardinale belang. Die ontleding van sy mensbeskouwing en die opvoedkundige implikasies wat daaruit voortvloei sal dus veel kan bydra tot die opvoedkunde as wetenskap.

Dat ons ons bepaal by die Teoretiese Opvoedkunde moet toegeskrywe word aan die feit dat Cassirer se benadering van die mensprobleem hoofsaaklik wysgerig en prinsipieel is. As ons ook die empiriese en praktiese opvoedkunde sou betrek sou die omvang van hierdie werk te groot wees en sou baie van die afleidings in sekere opsigte kunsmatig wees. Omdat ons die teoretiese opvoedkunde as veld beperk het, is dit ook nodig on vooraf die veld van die teoretiese opvoedkunde as sodanig te bepaal.

2. Bepaling van die begrip opvoeding. Opvoeding het te doen met die volwassewording van die mens. Hierdie volwassewording sluit die liggaamlike, emosionele, verstandelike, sedelike, ens. groei van die mens in. Hierdie groei sal in 'n meerdere of mindere mate plaasvind of daar nou al met die proses bemoeienis gemaak word of nie. Dit is die biologiese en kousale aspek van die opvoeding. Sodra daar egter op hierdie proses van volwassewording op een of ander wyse ingegryp word kom daar ander faktore op die spel. Die proses word bevorder of vertraag, word in sekere rigtings gestuur met die oog op die bereiking van sekere resultate. Hier het ons met die vormende en teleologiese aspek van die opvoeding te doen. Die resultaat waarna gestrewe word is, om in bogenoemde aspekte mondigheid by die volwassewordeling te bewerkstellig. Dat mondigheid 'n baie formele en relatiewe begrip is wil ons geredelik erken, maar dit kan egter nader omskryf word deur te stel dat mondigheid die vry (selfbesluitende) en verantwoordelike vervulling van take (roeping, beroep, ens.) in die samelewing is. Dat mondigheid egter altyd baie relatief sal bly, lê opgesluit in die individuele aard van die mens. Mondigheid is dus baie meer as volgroeidheid en opvoeding baie meer as grootmaking (as ons vervolgens van volwassenheid praat, sluit ons hierdie begrip van mondigheid in). In hierdie vorming tot volwassenheid speel die opvoeder die leidende rol. Die baie ander faktore wat ook 'n rol speel, soos omgewing, openbare mening, ens. kan as middele deur die opvoeder gebruik word. Die opvoeder moet altyd 'n persoon of persone wees en opvoeding het altyd met 'n persoonsrelasie te doen.

In hierdie volwassewording (kousale aspek) en vorming tot volwassenheid (teleologiese aspek) moet die opvoeder om sy taak doeltreffend te

111./ kan uitvoer ....

kan uitvoer, 'n deeglike kennis hê van die opvoedeling, van hoe hy kan ingryp op die mees doeltreffende manier, van hoe dit in die verlede gedoen is en waarheen hy die proses wil stuur.

3. Opvoedkunde as wetenskap. Opvoedkunde as wetenskap omspan hierdie hele veld van die opvoeding maar soos dit in bogaande ontleding blyk, het dit verskillende belangrike onderdele. Prof. J.C. Coetzee noem hierdie onderdele die Empiriese, die Praktiese, die Historiese en die Teoretiese Opvoedkunde. Elkeen van hierdie is 'n besondere wetenskap op sigself met sy eie veld, sy eie gegewens en sy eie metodes. Alhoewel hierdie bogenoemde vier aparte wetenskappe is, is daar 'n baie intieme korrelasie en onderlinge verband tussen hulle.[1] Alhoewel die teoretiese opvoedkunde afhanklik is van die empiriese, praktiese en historiese opvoedkunde vir baie van sy gegewens, vir die toepassing van sy beginsels en vir die uitvoering van sy norme, is dit egter van sy kant af vir hulle fundamenteel deurdat dit hierdie genoemde onderdele fundeer, oorspan en belig. Per slot van sake is die beginsels en norme en die wetenskaplike onder- en agtergrond wat die teoretiese opvoedkunde daarstel, fundamenteel vir die opvoedkundige stelsel as geheel sowel as vir die verskillende onderdele.

4. Die Teoretiese Opvoedkunde. Die teoretiese opvoedkunde as wetenskap houhom in die eerste plek besig met die ontleding van die opvoeding as menslike verskynsel (prof. Oberholzer noem hierdie die opvoedingsfenomeen en sy implikasies).[2] In hierdie ontleding moet die teoretiese opvoedkunde 'n verklaring vind waarom die opvoeding soveel verskillende vorme aanneem en op soveel verskillende wyses benader word; dit moet met ander woorde, die intieme verband tussen lewensbeskouing en opvoeding aantoon en die verskillende rigtings wat uitvloei uit die verskillende lewens- en wêreldbeskouwings aandui en ondersoek. Hierdie ondersoek gaan uit van 'n bepaalde standpunt,'n standpunt waarin sekere beginsels, norme en waardes aanvaar en gestel is. "Een theorie der paedagogie, dus een theoretische paedagogiek, geeft beschouwingen omtrent de normen, omtrent de principia, die ten grondslag liggen aan de opvattingen omtrent het kind, omtrent de wijse waarop wij onze doelstellingen moeten formuleren, omtrent de middelen die ten dienste staan, over de grenzen die er zijn tussen principiële vraagstukken en technische problemen."[3]

In die tweede plek moet die teoretiese opvoedkunde die verskillende hoofaspekte of grondslae van die opvoeding ondersoek. "Die opvoeding berus op gosdienstige, wêreldbeskouende, kennisbeskouende, etiese, logiese, estetiese, psigologiese, sosiologiese, politieke, biologiese, fisiologiese en ander grondslae. Dit is dan die taak van die teoretiese opvoedkunde om hierdie grondslae noukeurig en wetenskaplik te verken, ondersoek, beskryf en interpreteer."[4] Dit wil glad nie sê dat bogenoemde aspekte los van mekaar staan nie en dat in die ondersoek dit in digte kompartemente gehou kan word nie. Hulle is innig in mekaar vervleg en dit is juis die taak van die teoretiese opvoedkunde om al die aparte aspekte van die

112./ opvoeding tot 'n ...

1. Vgl. J.C. Coetzee: Inl. t.d.Alg. T. Opv., 12
2. C.K. Oberholzer: Inl. i.d Prin. Opv., Hoofstuk 1.
3. J. Waterink: Theorie der Opvoeding, 47
4. J.C. Coetzee: Inl. t.d. Alg. Teor. Opv., 13.

opvoeding tot 'n sistematiese eenheid te vorm, want alleen dan kan die opvoedkunde as wetenskap bestempel word.

In die derde plek hou die teoretiese opvoedkunde hom besig met die grondvrae en grondprobleme van die opvoeding. Hier kan talle opgenoem word. Ons noem maar net die belangrikste. Dit gaan oor die doel, die uitgangspunt, die inhoud, die metode, die organisasie, die tug en dissipline, gesag en vryheid, die grense van die opvoeding, die opvoeder en sy verantwoordelikheid, opleiding, ens., toetsing en meting, ens., ens. Met die ontwikkeling van die mensdom met die verloop van tyd sal daar voortdurend nuwe vraagstukke en nuwe probleme opduik wat die teoretiese opvoedkunde in oënskou sal moet neem. Daarom kan ons as stelling neerlê dat die teoretiese opvoedkunde as wetenskap voortdurend in wording is en dat elke geslag sy bydrae kan en sal lewer.

In die beredenering van die opvoedkundige implikasies van Cassirer se antropologie word die bogenoemde indeling nie gevolg nie. Ons beoog liewer om die volgorde van probleme te volg wat uit die volgorde van Cassirer se stellings voortvloei. Dit sal sy siening meer tot reg laat kom en die opvoedkundige implikasies meer organies met ~~die~~ sy antropologie verbind.

Ons behandel dan vervolgens sekere fundamentele afleidings wat gemaak kan word ten opsigte van sy algemene mensbeskouing. Hierna gaan dit oor opvoedkundige afleidings wat gemaak kan word van Cassirer se kultuurbeskouing. Ten laaste word die bogenoemde gesistematiseer en gekoördineer in afleidings ten opsigte van die opvoeding as sodanig.

HOOFSTUK 17 ALGEMENE FUNDAMENTELE AFLEIDINGS [1]

1. Inleiding. Die opvoeding het by uitstek te doen met 'n menslike verhouding en daarom moet die waarde al dan nie van Cassirer se antropologie tot openbaring kom. Vir enige antropologie geld die pragmatiese toets dat dit die opvoedkunde moet kan bevrug. (Pragmatiese moet nie met pragmatistiese verwar word nie. Met pragmatiese bedoel ons dat dit nuttig is, waarde en betekenis het vir en 'n bydrae kan lewer tot die opvoedkunde; pragmatisties het te doen met die pragmatisme as denkrigting waar nuttigheid, doeltreffendheid, ens. as die hoogste doel van die opvoeding beskou word. In die lig gesien is hierdie afdeling 'n verdere waardebepaling van Cassirer se antropologie en, as sodanig, 'n voortsetting van Deel II.

2. Die moontlikheid van opvoeding. Dit kan sonder enige twyfel aanvaar word dat uit Cassirer se antropologie volg dat opvoeding moontlik is en wel om die volgende redes:

Die moontlikheid van die opvoeding lê in die moontlikheid van mense om met mekaar omgang te hê. Die omgang is egter van 'n besondere aard want daar moet in die omgang invloed van die een op die ander uitgaan; met ander woorde, die moontlikheid moet bestaan dat daar in die omgang verandering teweeggebring kan word in die denk- en leefwyse van die een

1. Soos ons kan aflei uit Deel I.A.

113./ wat beïnvloed word...